

Persverklaring:

Hierdie persverklaring word op **Donderdag, 22 Januarie 2026**, gesamentlik deur die volgende entiteite uitgereik wat almal belange en fokus in die Suid Afrikaanse stoetvee bedryf het en die finansiële oorlewing van die stoetvee bedryf probeer bevorder in die lig van die grootste uitdaging in die moderne geskiedenis:

- **Die Stoettelers Federasie:** Kobus Bester, Voorsitter
kobus@hanrik.co.za
- **Die Suid Afrikaanse Skou Vereniging:** Elmarie Prinsloo, Voorsitter
ceo@bloemshow.co.za
- **Die Nasionale Interras Beoordelaars Vereniging:** Willie de Jager, Voorsitter
willie@panzi.co.za

1. Die partye erken die huidige situasie as die ergste biosekuriteits uitdaging vir veeboere in SA sedert die Runderpes van 1892. Daarom word daar 'n beroep op alle rolspelers in die SA lewendehawe bedryf gedoen om saam te werk, strydbyle te begrawe en te fokus op oplossings beskikbaar met die aanvaarding dat 'n "wonder-plan" wat 'n kits oplossing bied, eenvoudig nie meer beskikbaar is op hierdie stadium nie en dat 'n oplossing gesoek moet word om pragmaties in eenheid om te gaan met beskikbare oplossings.
2. Ons bedank graag die Minister van Landbou, John Steenhuisen vir die leiding wat geneem word in hierdie situasie, soos aangekondig met die pers konferensie, Woensdag 14 Januarie 2026. Veral nou, is bekwame leierskap en goeie samewerking tussen die bedryf, privaat veeartse en staats departemente, van kardinale belang. Dit is krities belangrik om so gou as moontlik die geskikte DIVA entstowwe die land in te kry en dit toegedien kry. Die bepaling van die effektiwiteit van hierdie entstowwe is van baie groot belang en hoop ons dat die Suid Afrikaanse veldstamme van die virus so gou as moontlik aan die Pirbright instituut voorsien sal word, ten einde onafhanklik en betroubaar te kan bepaal of hierdie entstowwe wat ingevoer gaan word, effektief is.

3. Die partye spreek ook hul dankbaarheid uit dat die stoetvee bedryf, een van die steunpilare van die Suid Afrikaanse veebedryf, in hierdie tyd die erkenning en aandag kry vanaf die minister wat die stoetvee bedryf verdien.
4. Die partye spreek hul waardering uit teenoor die dieregesondheidspraktisyns en veeartse wat in die loopgrawe veg om die krisis te hanteer en verbind hulself tot die uitvoer van die voorgestelde protokolle en maatreëls. 'n Protokol gebaseer op die beginsel dat slegs diere wat korrek ge-ent is en waarvan die entings korrek aangeteken en die diere korrek geïdentifiseer is, word deur die partye ondersteun as die enigste manier wat normale deelname aan skoue en stoetvee veilings weer genormaliseer kan word. Ten einde te kan deelneem aan stoetvee skoue, expos en openbare geleenthede, sal daar slegs diere kan deelneem wat volledig naspeurbaar is en waarvan BKS inentings op datum is.
5. Ons is vol hoop en vertroue dat vanaf einde Mei 2026 inentingsvlakke op so 'n standaard sal wees dat die bedryf kan terugkeer na 'n nuwe normaal.

END